Downloaded from Stanmorephysics.com



**KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL**

**NOVEMBER EKSAMEN – 2016**

**VRAESTEL 2 – LETTERKUNDE**

**GRAAD : 11** | **EKSAMINARTISE : P. RAMJEE**

**TYDSDUUR : 2 UUR** | **MODERATRISE: P. SINGH**

**PUNTE: 70** | **DATUM :** 10-11-2016

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT** 8 **BLADSYE.**

**INSTRUKSIES :**

1. **HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS:**
   **AFDELING A : POËSIE [35]**
   **AFDELING B : KORTVERHALE [35]**
2. **BEANTWOORD AL DIE VRAE.**
3. **SKRYF NETJIES EN LEESBAAR**
4. **NOMMER JOU ANTWOORDE PRESIES SOOS DIE VRAESTEL.**
5. **BESTEE 30 MINUTE VIR ELKE AFDELING.**

## AFDELING A : POESIE

### VRAAG EEN : IN MEMORIAM : AZRA

**LEES DIE ONDERSTAANDE GEDIG EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.**

*In memoriam: Azra*


Wat gaan in die hart van 'n ou hond om
as die wêreld voor sy oë verklein,
as hy sy ore moet spits vir ou-bekende geluide
en selfs reuke verdof en verdwyn;

as hy warmte soek teen 'n sonwit muur,
warmte wat steeds verwaai met die wind
en inmekaar krimp en oop-oog droom
en sy oop oë staar blind;

as hy sukkelend staan as die son verdwyn,
styf en vol seer van die ouderdom,
beef asof 'n kilte oor hom spoel, koud
soos die skadu van die dood wat kom;

as hy sy kop laat sak en die ou spoor soek
van sy dierwees se oerbegin
en saggies tjank en na die ruigtes vlug
om alleen die swaar terugtog te begin?

O waar sal ek deur die lang nagte soek,
waar skuil jy teen die reën en die wind,
waar sal jy troos teen die eensaamheid
en verweer teen die groot stilte vind?



Blaai om ….bl 2

**VRAE:**

1.1 Watter soort spreker kom voor in die gedig? 1

1.2 Haal twee agtereenvolgende woorde aan van strofe 1 wat verduidelik wie / wat Azra was? 1

1.3 Watter inligting gee die titel vir die leser? 1

1.4 Waarna wil hy luister? 1

1.5 Kies die regte woord tussen hakies. In strofe 2 voel die hond ( warm / koud) 1

1.6 Verskaf 'n rede waarom die hond sukkel om te staan in strofe 3. 1

1.7 Noem 'n voorbeeld van teenstelling / antitese in strofe 2. 1

1.8 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Haal aan om jou antwoord te motiveer. Die hond het hardop geblaf. 1

1.9 Waaroor wonder die spreker in strofe 5. 1

1.10 Waarna verwys die woorde " reën en wind " in strofe 5. 1

1.11 Waarnatoe vlug die hond? 1

1.12 Hoe dink jy voel die spreker oor Azra? 1

1.13 Kies die regte antwoord tussen hakies. Die rymskema in die gedig is ( paarrym / gebroke rym ) 1

1.14 Wat is die tema van die gedig? 1

1.15 Hoe voel jy wanneer jy die gedig lees? 1

1.16 Bespreek die toon in die gedig. 2

[ 17 ]

Blaai om ..... bl 3

**VRAAG TWEE: MY SIEL , PA**

LEES DIE ONDERSTAANDE GEDIG EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.

**My siel, Pa – Marie van Rensburg**

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa ...
Kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar.
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?
Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar net Pa se foto!
Maar my siel, Pa ...
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

BLAAI OM ..... BL 4

**VRAE :**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Wie is die " ek " in die gedig? | 1 |
| 2.2 | Haal een woord ( strofe 1 ) aan wat daarna verwys dat die seun akademies moet presteer. | 1 |
| 2.3.1 | Noem die beeldspraak in versreël 4 : " galgtou oor my kop " | 1 |
| 2.3.2 | Bespreek die beeldspraak in 2.3.1. | 1 |
| 2.4 | Wat is die funksie van die refrein? | 1 |
| 2.5 | Aan watter sport neem die spreker deel in strofe 2? | 1 |
| 2.6 | Verduidelik die betekenis van Achilleshiel. | 1 |
| 2.7 | Haal twee aparte woorde uit strofe 3 aan wat na rugby verwys. | 2 |
| 2.8 | Wat is 'n " turksvy-kind " ? | 1 |
| 2.9 | Watter een woord uit strofe 3 sê vir ons dat die seun dieselfde prestasies as sy pa behaal het? | 1 |
| 2.10 | Noem die twee dinge wat in versreël 19 en 20 vergelyk word. | 2 |
| 2.11 | Verduidelik waarom die pa onregverdig is? | 1 |
| 2.12 | Die seun is lief vir sport. Hoe kan die seun se gevoelens oor sport verander? | 1 |

2.13 Pas kolom A by kolom B. Skryf net die nommer en antwoord neer.

| A | B |
|---|---|
| 2.13.1 Die seun voel so. | A] trots |
| 2.13.2 Die pa is -------- op die seun. | B] moedeloos |
| 2.13.3 rostrum | C] gelukkig |
| | D] atletiek |

3

[ 18 ]

TOTAAL : 35

BLAAI OM....BL. 5

## AFDELING B : KORTVERHALE


## VRAAG DRIE: KLARA MAJOLA

LEES DIE ONDERSTAANDE UITTREKSELS EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.

Ek ry in die rigting van die Gydopas, want ek wil op Die Eike kom – die plaas waar Klara en haar mense gewoon het.

Sal daar 'n graf vir Klara wees? Miskien. Miskien nie.

Dit was vir my vreemd dat Daantjie Fourie nie van Klara Majola geweet het nie. Behandel die kinders dan nie meer D.J. Opperman se bekende gedig oor haar op skool nie?



Klara Majola was maar agt jaar oud toe sy een nag in Julie 1950 in hierdie omgewing verkluim het, nadat sy haar blinde pa in die veld gaan soek het.

Ek het in standerd 9 met Klara Majola kennis gemaak. Ek hoor nog hoe juffrou Van der Merwe daardie gedig vir ons voorgelees het. Dit het nogal 'n indruk op my gemaak, al het ek meer van sport as van gedigte op skool gehou.

3.1 Wat is die naam van die plaas waar Klara en haar mense gewoon het? 1

3.2.1 In watter seisoen vind die storie plaas? 1

3.2.2 Motiveer jou antwoord. 1

3.3 Waarom was dit vreemd vir die verteller dat Daantjie Fourie niks van Klara geweet het nie? 1

3.4 Hoe was D.J. Opperman geïnspireer om die gedig " Klara Majola" te skryf? 1

3.5 Die verteller ontmoet een van Klara se gesinslede op die plaas. Wat is die naam van daardie person? 1

3.6 Hoekom is Klara 'n kinderheld in Suid-Afrika? 1

3.7 Sê of die volgende stelling waar of onwaar is. Motiveer jou antwoord.

Klara se pa se bynaam was Lemmie. 1

3.8 Wat het Klara se pa elke middag gedoen? 1

3.9 Klara se suster het vir die verteller 'n boek gewys. Is die stelling 'n feit of 'n mening. Gee 'n rede vir jou antwoord. 1

3.10 Pas kolom A by kolom B. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| A | B |
|---|---|
| 3.10.1 Klara Majola | A] was arm |
| 3.10.2 Die gesin | B] het op 25 : 07 : 1950 gesterf. |
| 3.10.3 D.J.Opperman | C] was blind |
| 3.10.4 Klara se pa | D] digter |

4

3.11 Rangskik die gebeure in die regte volgorde. Skryf net die nommer en letters neer.

A] Klara se suster onthou dat haar ma koek gebak het.

B] Die verteller is op soek na Klara se graf.

C] Hy ontmoet Jan Pieters op pad. 3

[ 17 ]

Blaai om bl. 7

VRAAG VIER: n BETER LEWE VIR MAMS

LEES DIE ONDERSTAANDE UITTREKSELS EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.

Solly loer by sy ma se kamer in. Yakoob, sy jongste broertjie, lê opgekrul teen haar. Wat gat o's maak, Mams? dink hy. Ek soek al drie jaar vir 'n decent job. Matriek met vrystelling en dit vir wat? Net vir nog 'n oggend van vroeg opstaan en harde bouwerk doen. 'n Boy, dis wat hulle my noem. 'n Gewone labourer, daai's wat ek is, Mams.

Hy tel 'n kombers op wat afgegly het, en gooi sy ma en boetie warm toe. Ek's siek van die plek, Mams, ek is siek en sat van sukkel – so praat die stemme in Solly se kop. Daa' issie mee' 'n ramp wat o's nog kan treffie ...

Gisteraand toe sy ma instap, het sy op 'n stoel neergesak en gesê: "Die factory maak toe,

VRAE:

4.1 Watter sort verteller kom voor in die verhaal? 1

4.2 In watter stad speel die verhaal af? 1

4.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

4.3.1 Watter sort werk doen Solly aan die begin van die verhaal?

A] Hy is n bestuurder.

B] Hy werk in n Fabriek.

C] Hy is n " boy " by n bouplek.

D] Hy is n dwelmhandelaar. 1

4.3.2 Solly se vervoermiddel werk toe is n:

A] trein

B] fiets

C] Motor

D] motorfiets 1

4.4 Hieronder verskyn vier moontlike antwoorde. Watter een pas nie.

4.4.1 Solly is bekommerd want:

A] Hy kan nie goeie werk kry nie.

B] Sy ma het haar werk verloor.

C] Daar is nie baie geld nie.

D] Sy pa is dood. 1

4.5 Wat was Solly se droom toe hy op skool was? 1

4.6 Sê of die volgende stelling 'n feit of mening is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Solly het skool voltooi. 1

"My naam is Sabu," sê die man en gesels voort in gebroke[5] Afrikaans. Sabu is vol grappe en nie lank nie of Solly en hy raak lustig aan die gesels en spot oor die voorman se middelbles.[6]

Ná werk stap Solly en Sabu diep in gesprek stasie toe. Op die stasie skree Sabu na een van sy vriende en wink hom nader. Sabu en die man raak aan die gesels terwyl Solly eenkant wag. Hy wonder waaroor hulle praat, want isiXhosa verstaan hy glad nie.

4.7 Haal twee agtereenvolgende woorde aan wat daarop aandui dat Sabu snaaks was. 1

4.8 Sabu het 'n negatiewe invloed in Solly se lewe gehad. Stem jy saam met die stelling. Sê ja of nee en motiveer jou antwoord. 1

4.9 Voltooi die onderstaande paragraaf. Kies die woorde uit die lys. Skryf die nommer en die letter neer.

| Polisiemanne | gehuil | vermoor | twee | drie | gelag |
|---|---|---|---|---|---|

Op 'n dag het twee 4.9.1............ met Solly opgedaag. Hy is met 4.9.2..........miljoen Rand se dwelms betrap. Solly is polisiestasie toe geneem. Sy ma was angsbevange en het onbeheerbaar 4.9.3.................... . Solly is in die tronk 4.9.4............ 4

4.10 Pas kolom A by kolom B. Skryf net die nommer en letter neer.

| A | B |
|---|---|
| 4.10.1 China | A] Eid |
| 4.10.2 Labarang | B Solly se bestuurder van die motor. |
| 4.10.3 Ma | C asseblief |
| 4.10.4 Tamaaf | D vergewe my |
| 4.10.5 Kanalla | E was eerlik |

5

[18]

TOTAAL : 35

GROOTTOTAAL : 70

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MRS R PANDAY

# Memorandum: Vraestel 2: Nov 2016
Graad 11

## Vraag 1: In Memoriam: Azra

1.1. eerstepersoon spreker ✓1
1.2. "ou hond ✓1
1.3 dat Azra dood is ✓1
1.4. ou bekende geluid ✓1
1.5. Koud ✓1
1.6. hy is styf en sy bene is seer | hy is oud en sy bene het verswak. ✓1
1.7. "oop oë staar blind" ✓1
1.8. onwaar – "saggies tjank" ✓1
1.9 hy wonder waar die mens skuiling, troos en verweer teen die dood sal vind. ✓1
1.10. die moeilikhede | probleme wat die mens kort voor die dood sal ervaar. ✓1
1.11 na die ruigtes toe ✓1
1.12.1 lief vir Azra | jammer vir hom ✓1
1.13. gebroke rym ✓1
1.14. Die dier en die mens se hantering van die dood. ✓1
1.15. hartseer | treurig | ongelukkig | jammer | bang (aanvaar toepaslike antwoorde) ✓1
1.16. hartseer | bespiegelend | ongelukkig | treurig | depressief. 2

[17]

Vraag 2 : My Siel, Pa

2.1. Die seun / "ek" / leerder / matrikulant ✓1
2.2. "Dux-leerling" / "top" ✓1
2.3.1. metafoor ✓1
2.3.2. Daar is soveel druk op die seun dat hy voel asof hy verwurg word / opgehang woord / dood word. ✓1
2.4. Dit beklemtoon die moedeloosheid en hulpeloosheid van die seun. ✓1
2.5. atletiek ✓1
2.6. Dis 'n voetbesering / swakplek in die liggaam ✓1
2.7. "Cravenweek" "lynstaan" ✓✓2
2.8. 'n probleemkind / Kind wat probleme vir sy ouers gee. ✓1
2.9. "geëwenaar" ✓1
2.10. die eweleeld en donker kleed ✓✓2
2.11. Hy plaas te veel druk op die Kind / Die Kind verloor sy identiteit / Hy wil hê dat die Kind sy drome moet vervul (aanvaar toepaslike antwoord) ✓1
2.12. Hy kan dit begin haat / nie meer goed presteer nie / sal belangstelling verloor / Hy sal nie van sport hou nie (aanvaar toepaslike antwoorde) ✓1
2.13.1 B ✓1
2.13.2. A ✓
2.13.3 D ✓

[18]

## Vraag 3: Klara Majola

3.1. Die Eike ✓

3.2.1 winter ✓

3.2.2 Dit sneeu en is yskoud ✓

3.3. Hy het gewonder of hy nie die gedig oor Klara Majolo op skool gedoen het nie. / "Klara Majola" was ń gedig wat op skool geleer was. ✓

3.4. Hy het haar doodsberig gelees. ✓

3.5. Nan Jansen ✓

3.6. Sy het haar lewe verloor / gewaag om haar pa te red / soek. / Sy het op so ń jong ouderdom gesterf terwyl sy vir haar pa gesoek het ✓

3.7 onwaar – sy bynaam was Majola / sy regte naam was Lemmie. ✓

3.8. Hy het hout opgetel / vergader. ✓

3.9. feit – Die naam van die boek was "Dapper Kinders van Suid-Afrika / Klara se naam is in die boek genoem. ✓

3.10.1. B ✓

3.10.2 A ✓

3.10.3 D ✓

3.10.4 C ✓

3.11. B ✓

C ✓

A ✓

[17]

# Vraag Vier : 'n Beter lewe vir mams

4.1. derdepersoon verteller ✓

4.2. Kaapstad ✓

4.3.1. C ✓

4.3.2. A ✓

4.4. D ✓

4.5. om universiteit te gaan | ryk te word | 'n groot huis vir sy ma te bou ✓

4.6. feit – hy het matriek met vrystelling. ✓

4.7. " vol grappe " ✓

4.8. Ja – hy het Solly aan dwelms voorgestel
Nee – Solly het sy eie keuse gemaak om dwelms te verkoop | Hy was Solly se vriend en wou hom help
(aanvaar toepaslike antwoorde) ✓

4.9.1. polisiemanne ✓

4.9.2. twee ✓

4.9.3. gehuil ✓

4.9.4. vermoor ✓

4.10.1. B ✓

4.10.2 A ✓

4.10.3 E ✓

4.10.4 D ✓

4.10.5. C ✓

[18]